**11.** Artikel 23 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Elke persoon wat nie 'n inwoner van die Republiek is nie, en wat ingevolge subartikel (1), (1A) of artikel 50A aanspreeklik word om geregistreer te wees, word geag nie ooreenkomstig met Hoofstuk 3 van die Wet op Belastingadministrasie om registrasie aansoek te gedoen het nie, bykomend tot artikel 22(4) van die Wet op Belastingadministrasie totdat hy—

*(a)* 'n verteenwoordigende ondernemer soos beoog in artikel 46 **[in die Republiek]** aangestel het en die Kommissaris van die besonderhede van bedoelde verteenwoordigende ondernemer voorsien het;

*(b)* 'n bankrekening by 'n bank, onderlinge bank of ander soortgelyke instelling, geregistreer ingevolge die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990), geopen het vir die doeleindes van die onderneming deur hom in die Republiek bedryf en die besonderhede van bedoelde bankrekening aan die Kommissaris voorsien het:

Met dien verstande dat, indien die persoon woonagtig is in 'n land waarmee die Republiek 'n ooreenkoms kragtens artikel 108(2) van die Inkomstebelastingwet in werking het of artikel 75(2), paragraaf *(b)* nie van toepassing sal wees nie—

(i) in die geval van 'n maatskappy wat—

*(aa)* 'n 'buitelandse maatskappy' is, soos in artikel 1 van die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008), omskryf; en

*(bb)* nie 'n vaste of permanente plek in die Republiek het wat met sodanige onderneming beoog in subartikel (1), (1A) of artikel 50A, verband hou nie;

(ii) in die geval van 'n natuurlike persoon wat fisies in die Republiek teenwoordig is vir minder as 'n opgehoopte tydperk van ses maande in enige tydperk van 12 maande; of

(iii) in die geval van enige persoon wat 'n onderneming is uitsluitlik as gevolg van paragraaf *(b)*(vi) van die omskrywing van 'onderneming' in artikel 1."; en

*(b)* deur die volgende subartikel na subartikel (2A) in te voeg:

"(2B) Elke persoon wat nie 'n inwoner van die Republiek is nie en wat nie langer aan die vereistes van die voorbehoudsbepaling tot subartikel (2) voldoen nie, word vereis om die vereistes kragtens subartikel (2)*(b)* en artikel 46(1), na te kom.".

**Wysiging van artikel 44 van Wet 89 van 1991, soos gewysig deur artikel 37 van Wet 97 van 1993, artikel 27 van Wet 37 van 1996, artikel 42 van Wet 27 van 1997, artikel 100 van Wet 30 van 1998, artikel 98 van Wet 53 van 1999, artikel 168 van Wet 60 van 2001, artikel 88 van Wet 20 van 2006, artikel 36 van Wet 36 van 2007, artikel 43 van Wet 61 van 2008, artikel 271 van Wet 28 van 2011, gelees met paragrawe 133 en 180 van Bylae 1 by Wet, artikel 180 van Wet 31 van 2013, artikel 31 van Wet 44 van 2014, artikel 28 van Wet 16 van 2016 en artikel 12 van Wet 22 van 2018**

**12.** Artikel 44 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (3)*(d)* die woorde wat item (i) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

"die ondernemer die Kommissaris op skrif voorsien het van besonderhede van die onderneming se bankrekening of rekening by 'n soortgelyke instelling in die Republiek, ten einde die Kommissaris in staat te stel om 'n terugbetaling of ander bedrag verskuldig aan die ondernemer na sodanige rekening oor te plaas: Met dien verstande dat waar **['n]** die ondernemer wat—"; en

*(b)* by the addition after subsection (11) of the following subsection:

"(12) Subject to the provisions of subsection (3), where any person who is not a vendor, paid an amount of tax in terms of this Act to the Commissioner that was in excess of the amount of tax that should properly have been levied under section 7(1)*(b)* or *(c)*, the Commissioner shall, on application by the person concerned, refund the amount in excess of the amount of tax that should properly have been charged under section 7(1)*(b)* or *(c)*: Provided that a refund of the amount paid in excess, may only be made by the Commissioner where the claim for the refund of such excess payment is received by the Commissioner within five years after the date on which the excess payment was made.".

**Amendment of section 46 of Act 89 of 1991, as amended by section 185 and 186 of Act 45 of 2003, section 41 of Act 32 of 2005, section 15 of Act 10 of 2006, section 271 to Act 28 of 2011, read with paragraph 136 of Schedule 1 and section 33 of Act 44 of 2014**

**13.** Section 46 of the Value Added Tax Act, 1991, is hereby amended—

*(a)* by the renumbering of the current section as subsection (1); and

*(b)* by the addition of the following subsection:

"(2) Notwithstanding section 46(1), the natural person, who is responsible for the duties imposed under this Act on the person contemplated in the proviso to section 23(2), shall be any person responsible for accounting for the receipt and payment of monies or funds in respect of any enterprise of such person in the Republic.".

**Amendment of section 1 of Act 28 of 2011, as amended by section 36 of Act 21 of 2012, section 30 of Act 39 of 2013, section 37 of Act 44 of 2014, section 33 of Act 23 of 2015 and section 47 of Act 16 of 2016**

**14.** Section 1 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the insertion after the definition of "judge" of the following definition:

"**'legal practitioner'** means a legal practitioner as defined in section 1 of the Legal Practice Act, 2014 (Act No. 28 of 2014);".

**Amendment of section 12 of Act 28 of 2011, as amended by section 28 of Act 33 of 2019 and section 24 of Act 24 of 2020**

**15.** (1) Section 12 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Despite any law to the contrary, a senior SARS official may, on behalf of SARS or the Commissioner in proceedings referred to in a tax Act, appear *ex parte* in a judge's chambers, in the tax court, or **[in]** a High Court or any other court recognised in terms of section 166 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996.";

*(b)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) A senior SARS official may only appear in the tax court, **[or]** a High Court **[only]** or any other court recognised in terms of section 166 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, if the person is a legal practitioner **[duly admitted and enrolled under the Legal Practice Act, 2014 (Act No. 28 of 2014)]**."; and

*(c)* by the addition of the following subsections:

"(3) Where a senior SARS official appeared on behalf of SARS or the Commissioner in any proceedings in a court as provided under subsection (2), fees and costs may be taxed and recovered in the same manner as if such functions had been performed by a legal practitioner in private practice.

*(b)* deur die volgende subartikel na subartikel (11) by te voeg:

"(12) Onderhewig aan die bepalings van subartikel (3), waar enige persoon wat nie 'n ondernemer is nie, 'n bedrag belasting ingevolge hierdie Wet aan die Kommissaris betaal het, wat die bedrag belasting oorskry wat werklik ingevolge artikel 7(1)*(b)* of *(c)* gehef moes word, moet die Kommissaris by aansoek van die betrokke persoon, die bedrag wat die bedrag belasting oorskry wat werklik ingevolge artikel 7(1)*(b)* of *(c)* gehef moes word, terugbetaal: Met dien verstande dat 'n terugbetaling van die bedrag slegs deur die Kommissaris gemaak kan word waar die eis vir die terugbetaling van sodanige bedrag binne vyf jaar nadat die bedrag aldus betaal is, deur die Kommissaris ontvang is.".

**Wysiging van artikel 46 van Wet 89 van 1991, soos gewysig deur artikel 185 en 186 van Wet 45 van 2003, artikel 41 van Wet 32 van 2005, artikel 15 van Wet 10 van 2006, artikel 271 van Wet 28 van 2011, gelees met paragraaf 136 van Bylae 1 by Wet en artikel 33 van Wet 44 van 2014**

**13.** Artikel 46 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig—

*(a)* deur die huidige artikel as subartikel (1) te hernommer; en

*(b)* deur die byvoeging van die volgende subartikel:

"(2) Nieteenstaande artikel 46(1), is die natuurlike persoon wat verantwoordelik is vir die verpligtinge ingevolge hierdie Wet op die persoon beoog in die voorbehoudsbepaling tot artikel 23(2) opgelê, enige persoon wat verantwoordelik is vir die terboekstelling van die ontvangs en betaling van gelde of fondse ten opsigte van enige onderneming van sodanige persoon in die Republiek.".

**Wysiging van artikel 1 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 36 van Wet 21 van 2012, artikel 30 van Wet 39 van 2013, artikel 37 van Wet 44 van 2014, artikel 33 van Wet 23 van 2015 en artikel 47 van Wet 16 van 2016**

**14.** Artikel 1 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "rapporteerbare reëling" in te voeg:

" **'regspraktisyn'** beteken 'n regspraktisyn soos in artikel 1 van die Wet op Regspraktyk, 2014 (Wet No. 28 van 2014), omskryf;".

**Wysiging van artikel 12 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 28 van Wet 33 van 2019 en artikel 24 van Wet 24 van 2020**

**15.** (1) Artikel 12 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Ondanks enige andersluidende bepaling in enige ander wet, kan 'n senior SAID-amptenaar namens SAID of die Kommissaris in gedinge in 'n Belastingwet bedoel, *ex parte* in 'n regter se kamers verskyn, in die belastinghof, of **[in enige]** 'n Hoë Hof of enige ander hof ingevolge artikel 166 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, erken.";

*(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) 'n Senior SAID-amptenaar mag slegs in die belastinghof **[of]**, 'n Hoë Hof of enige ander hof erken ingevolge artikel 166 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, verskyn, indien die persoon 'n regspraktisyn **[wat kragtens die Wet op Regspraktyk, 2014 (Wet No. 28 van 2014), as sodanig toegelaat en ingeskryf]** is."; en

*(c)* deur die volgende subartikels na subartikel (2) by te voeg:

"(3) Waar 'n senior SAID-amptenaar namens SAID of die Kommissaris verskyn het in enige verrigtinge in 'n hof waarvoor ingevolge subartikel (2) voorsiening gemaak is, kan die fooie en kostes takseer en verhaal word op dieselfde wyse asof sodanige werksaamhede deur 'n regspraktisyn in privaat praktyk verrig is.

(4) Any costs awarded by a court under this section must be determined in accordance with the fees prescribed by the rules of the relevant court.''.

(2) Subsection (1)*(c)* comes into effect on a date to be determined by the Minister by notice in the Government *Gazette*.

**Amendment of section 42A of Act 28 of 2011, as inserted by section 41 of Act 23 of 2015, and amended by section section 29 of Act 33 of 2019**

**16.** Section 42A of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (3) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* SARS must make arrangements with a legal practitioner from the panel appointed under section 111 to take receipt of the material;''; and

*(b)* by the substitution in subsection (4) for the words that precede paragraph *(a)* of the following words:

''The **[appointed]** practitioner—''.

**Amendment of section 47 of Act 28 of 2011, as amended by section 43 of Act 23 of 2015**

**17.** Section 47 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended—

*(a)* by the deletion in subsection (1) after paragraph *(a)*(i) of the word ''or'';

*(b)* by the substitution in subsection (1) after paragraph *(a)*(ii) for the word ''and'' of the word ''or''; and

*(c)* by the addition in subsection (1)*(a)* after subparagraph (ii) of the following subparagraph:

''(iii) to expedite an application for an instalment payment agreement, write-off or compromise of a tax debt; and''.

**Amendment of section 51 of Act 28 of 2011, as amended by section 45 of Act 23 of 2015**

**18.** Section 51 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

''(3) A presiding officer must be a **[person]** legal practitioner appointed to the panel described in section 111.''.

**Amendment of section 67 of Act 28 of 2011**

**19.** Section 67 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

''(4) A person who receives information under section 68, 69, 70 or 71, must preserve the secrecy of the information and may only disclose the information to another person if the disclosure is necessary to perform the functions specified in those sections, unless the information has been received in terms of section 46 of the Promotion of Access to Information Act, 2000 (Act No. 2 of 2000).''.

**Amendment of section 69 of Act 28 of 2011, as amended by section 41 of Act 39 of 2013, section 48 of Act 44 of 2014, section 47 of Act 23 of 2015, section 53 of Act 16 of 2016 and section 26 of Act 18 of 2023**

**20.** Section 69 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the insertion in subsection (2) after paragraph *(b)* of the following paragraph:

''*(b*A*)* where access has been granted for the disclosure of the information in terms of section 46 of the Promotion of Access to Information Act, 2000 (Act No. 2 of 2000);''.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

(4) Enige kostes deur 'n hof ingevolge hierdie artikel toegeken, moet ingevolge die fooie soos voorgeskryf deur die reëls van die tersaaklike hof, bepaal word.''.

(2) Subartikel (1)*(c)* tree in werking op 'n datum soos deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.

**Wysiging van artikel 42A van Wet 28 van 2011, soos ingevoeg deur artikel 41 van Wet 23 van 2015, en gewysig deur artikel 29 van Wet 33 van 2019**

**16.** Artikel 42A van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(a)* in subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* moet SAID reëlings tref met 'n **[praktisyn]** regspraktisyn van die paneel wat kragtens artikel 111 aangestel is om die materiaal in ontvangs te neem;''; en

*(b)* deur die woorde wat paragraaf *(a)* in subartikel (4) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''Die **[aangestelde]** praktisyn—''.

**Wysiging van artikel 47 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 43 van Wet 23 van 2015**

**17.** Artikel 47 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) die woord ''of'' aan die einde van paragraaf *(a)*(i) te skrap;

*(b)* deur in subartikel (1) die woord ''en'' aan die einde van paragraaf *(a)*(ii) deur die woord ''of'' te vervang; en

*(c)* deur in in subartikel (1)*(a)* die volgende subparagraaf na subparagraaf (ii) by te voeg:

''(iii) om 'n aansoek om 'n afbetalingsooreenkoms, afskrywing of toegewing van 'n belastingskuld, te bespoedig; en''.

**Wysiging van artikel 51 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 45 van Wet 23 van 2015**

**18.** Artikel 51 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

''(3) 'n Voorsittende beampte moet 'n **[persoon]** regspraktisyn wees wat aangestel is op die paneel in artikel 111 beskryf.''.

**Wysiging van artikel 67 van Wet 28 van 2011**

**19.** Artikel 67 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

''(4) 'n Persoon **[wie]** wat inligting ingevolge artikel 68, 69, 70 of 71 ontvang, moet die geheimhouding van die inligting bewaar en mag slegs die inligting aan 'n ander persoon openbaar maak indien die openbaarmaking nodig is om die werksaamhede uiteengesit in daardie artikels, te verrig, tensy die inligting ingevolge artikel 46 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000), ontvang is.''.

**Wysiging van artikel 69 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 41 van Wet 39 van 2013, artikel 48 van Wet 44 van 2014, artikel 47 van Wet 23 van 2015, artikel 53 van Wet 16 van 2016 en artikel 26 van Wet 18 van 2023**

**20.** Artikel 69 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur in subartikel (2) die volgende paragraaf na paragraaf *(b)* in te voeg:

''*(b*A*)* waar toegang vir die openbaarmaking van die inligting ingevolge artikel 46 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000), toegestaan is;''.

**Amendment of section 91 of Act 28 of 2011, as amended by section 58 of Act 21 of 2012, section 32 of Act 33 of 2019 and section 27 of Act 24 of 2020**

**21.** Section 91 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) If a tax Act or the Commissioner requires a taxpayer to submit a return or the taxpayer voluntarily submits a return, which does not incorporate a determination of the amount of a tax liability, SARS must make an original assessment based on the return submitted by the taxpayer or other information available or obtained in respect of the taxpayer.";

*(b)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) If a tax Act or the Commissioner requires a taxpayer to submit a return or the taxpayer voluntarily submits a return, which incorporates a determination of the amount of a tax liability, the submission of the return is an original self-assessment of the tax liability."; and

*(c)* by the addition after subsection (3) of the following subsection:

"(4) If a taxpayer is not required to or does not submit a return, SARS may make an original assessment based on an estimate under section 95 of the Act.".

**Amendment of section 104 of Act 28 of 2011, as amended by section 57 of Act 16 of 2016**

**22.** (1) Section 104 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsections (4) and (5) of the following subsections:

"(4) A senior SARS official may extend the period prescribed in the 'rules' within which objections must be made for—

*(a)* 30 business days, if satisfied that reasonable grounds exist for the delay in lodging the objection; or

*(b)* a period exceeding 30 business days, if satisfied that exceptional circumstances exist which gave rise to the delay in lodging the objection.

(5) The period for objection must not be **[so]** extended under subsection (4)—

**[*(a)* for a period exceeding 30 business days, unless a senior SARS official is satisfied that exceptional circumstances exist which gave rise to the delay in lodging the objection;]**

**[*(b)*]***(a)* **[if]** for more than three years **[have lapsed]** from the date of assessment or the 'decision'; or

**[*(c)*]***(b)* if the grounds for objection are based wholly or mainly on a change in a practice generally prevailing which applied on the date of assessment or the 'decision'."; and

*(b)* by the addition of the following subsections:

"(6) By mutual agreement, SARS and the taxpayer making the objection may attempt to resolve the dispute through alternative dispute resolution under the procedures specified in the 'rules'.

(7) Proceedings on the objection are suspended while the alternative dispute resolution procedure is ongoing.".

(2) Subsection (1)*(b)* comes into effect on a date to be determined by the Minister by notice in the Government *Gazette*.

**Wysiging van artikel 91 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 58 van Wet 21 van 2012, artikel 32 van Wet 33 van 2019 en artikel 27 van Wet 24 van 2020**

**21.** Artikel 91 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Indien ’n Belastingwet of die Kommissaris vereis dat ’n belastingpligtige ’n opgawe moet indien, of die belastingpligtige ’n opgawe vrywilliglik indien, wat nie die vasstelling van die bedrag van ’n belastingaanspreeklikheid bevat nie, moet SAID ’n oorspronklike aanslag maak gebaseer op die opgawe ingedien deur die belastingpligtige of ander inligting beskikbaar of verkry ten opsigte van die belastingpligtige.”;

*(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) Indien ’n Belastingwet of die Kommissaris vereis dat ’n belastingpligtige ’n opgawe moet indien, of die belastingpligtige ’n opgawe vrywilliglik indien, wat ’n vasstelling van die bedrag van ’n belastingaanspreeklikheid bevat, is die indien van die opgawe ’n oorspronklike selfaanslag van die belastingaanspreeklikheid.”; en

*(c)* deur die volgende subartikel na subartikel (3) by te voeg:

“(4) Indien ’n belastingpligtige nie vereis word om of nie ’n opgawe indien nie, kan SAID ’n oorspronklike aanslag gebaseer op ’n beraming ingevolge artikel 95 van die Wet, uitreik.”.

**Wysiging van artikel 104 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 57 van Wet 16 van 2016**

**22.** (1) Artikel 104 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikels (4) en (5) deur die volgende subartikels te vervang:

“(4) ’n Senior SAID-amptenaar kan die tydperk in die ‘reëls’ voorgeskryf waarbinne besware gemaak moet word, verleng, met—

*(a)* 30 besigheidsdae, indien oortuig dat redelike gronde bestaan vir die vertraging met die indiening van die beswaar; of

*(b)* ’n tydperk wat 30 besigheidsdae oorskry, indien oortuig dat buitengewone omstandighede bestaan wat aanleiding gegee het tot die vertraging met die indiening van die beswaar.

(5) Die tydperk vir beswaar mag nie **[aldus]** ingevolge subartikel (4) verleng word **[nie]**—

**[*(a)* vir ’n tydperk wat 30 besigheidsdae oorskry, tensy ’n senior SAID-amptenaar oortuig is dat buitengewone omstandighede bestaan wat aanleiding gegee het tot die vetraging met die indiening van die beswaar;]**

**[*(b)*]***(a)* **[indien]** vir meer as drie jaar **[verloop het]** vanaf die datum van aanslag of die ‘beslissing’ nie; of

**[*(c)*]***(b)* indien die gronde van beswaar in geheel of hoofsaaklik gebaseer is op ’n verandering in ’n algemeen heersende praktyk wat van toepassing was op die datum van aanslag of die ‘beslissing’.”; en

*(b)* deur die volgende artikels by te voeg:

“(6) Deur onderlinge ooreenkoms, kan SAID en die belastingpligtige wat die beswaar aanteken, poog om die geskil te besleg deur middel van alternatiewe geskilbeslegting kragtens prosedures in die ‘reëls’ uiteengesit.

(7) Verrigtinge ten aansien van die beswaar word opgeskort terwyl die alternatiewe geskilbeslegtingsprosedure aan die gang is.”.

(2) Subartikel (1)*(b)* tree in werking op ’n datum deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.

**Amendment of section 107 of Act 28 of 2011, as amended by section 60 of Act 21 of 2012**

**23.** (1) Section 107 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

"(2A) After the expiry of the period within which an appeal must be lodged or the extended period pursuant to an application in terms of subsection (2), the tax court may extend the period within which an appeal may be lodged for up to 120 business days, if the extension is in the interests of justice.".

(2) Subsection (1) comes into effect on a date to be determined by the Minister by notice in the Government *Gazette*.

**Amendment of section 109 of Act 28 of 2011**

**24.** Section 109 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) An appeal against an assessment or 'decision' must in the first instance be heard by a tax board, if**[—**

***(a)*]** the tax in dispute does not exceed the amount the Minister determines by public notice, **[; and**

***(b)*]** unless a senior SARS official and the 'appellant' **[so]** agree that the matter be heard by the tax court."; and

*(b)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) In making a decision under subsection (1)**[*(b)*]**, a senior SARS official must consider whether the grounds of the dispute or legal principles related to the appeal should rather be heard by the tax court.".

**Amendment of section 110 of Act 28 of 2011, as amended by section 49 of Act 39 of 2013, section 24 of Act 13 of 2017 and section 34 of Act 33 of 2019**

**25.** Section 110 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) A tax board consists of—

*(a)* the chairperson, who must be **[a legal practitioner]** selected from the panel appointed under section 111; and

*(b)* if the chairperson, after considering any legal representations by a senior SARS official or the taxpayer, considers it necessary—

(i) an accountant who is a member of the panel referred to in section 120;

(ii) a representative of the commercial community who is a member of the panel referred to in section 120; or

(iii) a legal practitioner who is a member of the panel referred to in section 111.".

**Amendment of section 111 of Act 28 of 2011, as amended by section 35 of Act 33 of 2019**

**26.** Section 111 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The Minister must, in consultation with the Judge-President of the Division of the High Court with jurisdiction in the area where the tax board is to sit, or the chief executive officer of the relevant recognised controlling bodies under section 240A of the Act, by public notice appoint legal practitioners or registered tax practitioners to a panel from which a chairperson of the tax board must be nominated from time to time.".

**Wysiging van artikel 107 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 60 van Wet 21 van 2012**

**23.** (1) Artikel 107 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur die volgende subartikel na subartikel (2) by te voeg:

"(2A) Na afloop van die tydperk waarbinne 'n appèl aangeteken moet word of die verlengde tydperk na afloop van 'n aansoek ingevolge subartikel (2), kan die belastinghof die tydperk waarbinne 'n appèl aangeteken moet word tot en met 120 besigheidsdae verleng, indien die verlenging in die belang van geregtigheid is.".

(2) Subartikel (1) tree in werking op 'n datum deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.

**Wysiging van artikel 109 van Wet 28 van 2011**

**24.** Artikel 109 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) 'n Appèl teen 'n aanslag of 'beslissing' moet in die eerste instansie verhoor word deur 'n belastingraad indien**[—**

***(a)*]** die belasting wat betwis word nie die bedrag bepaal deur die Minister deur openbare kennisgewing oorskry nie,**[; en**

***(b)*]** tensy 'n senior SAID-amptenaar en die 'appellant' **[so]** ooreenkom dat die aangeleentheid deur die belastinghof verhoor word."; en

*(b)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) By die neem van 'n besluit kragtens subartikel (1)**[*(b)*]**, moet 'n senior SAID-amptenaar oorweeg of die gronde van die geskil of regsbeginsels wat met die appèl verband hou eerder deur die belastinghof verhoor moet word.".

**Wysiging van artikel 110 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 49 van Wet 39 van 2013, artikel 24 van Wet 13 van 2017 en artikel 34 van Wet 33 van 2019**

**25.** Artikel 110 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) 'n Belastingraad bestaan uit—

*(a)* die voorsitter, wat **['n regspraktisyn moet wees]** verkies moet word uit die paneel aangestel kragtens artikel 111; en

*(b)* indien die voorsitter, na oorweging van enige voorleggings deur 'n senior SAID-amptenaar of die belastingpligtige, dit nodig ag—

(i) 'n rekenmeester wat 'n lid is van die paneel bedoel in artikel 120; en

(ii) 'n verteenwoordiger van die handelsgemeenskap wat 'n lid is van die paneel bedoel in artikel 120; of

(iii) 'n regspraktisyn wat 'n lid is van die paneel in artikel 111 bedoel.".

**Wysiging van artikel 111 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 35 van Wet 33 van 2019**

**26.** Artikel 111 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die Minister moet, in oorleg met die Regter-president van die Afdeling van die Hoë Hof met regsbevoegdheid binne die gebied waar die belastingraad moet sit, of die hoof- uitvoerende beampte van die tersaaklike erkende beheerliggaam kragtens artikel 240A van die Wet, by openbare kennisgewing regspraktisyns of geregistreerde belastingpraktisyns op 'n paneel aanstel, waaruit 'n voorsitter van die belastingraad van tyd tot tyd benoem moet word.".

**Amendment of section 125 of Act 28 of 2011, as amended by section 26 of Act 13 of 2017**

**27.** (1) Section 125 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(2) The 'appellant' or the representative of the 'appellant' may appear at the hearing of an appeal in support of the appeal: Provided that if the representative of the 'appellant' is a person who is not a legal practitioner, the president of the tax court is satisfied that the person is a fit and proper person to appear on the 'appellant's' behalf.".

(2) Subsection (1) comes into effect on a date to be determined by the Minister by notice in the Government *Gazette*.

**Amendment of section 130 of Act 28 of 2011, as amended by section 61 of Act 21 of 2012 and section 53 of Act 39 of 2013**

**28.** (1) Section 130 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The costs awarded by the tax court under this section must be determined in accordance with the fees prescribed by the 'rules' or the rules of the High Court, as the case may be.".

(2) Subsection (1) comes into effect on a date to be determined by the Minister by notice in the Government *Gazette*.

**Amendment of section 195 of Act 28 of 2011, as amended by section 55 of Act 44 of 2014**

**29.** Section 195 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) A senior SARS official may decide to temporarily 'write off' an amount of tax debt**[—**

***(a)*]** if satisfied that the tax debt is uneconomical to pursue as described in section 196 at that time**[; or**

***(b)*** **for the duration of the period that the 'debtor' is subject to business rescue proceedings under Chapter 6 of the 'Companies Act', as referred to in section 132 of that Act]**.".

**Amendment of section 236 of Act 28 of 2011, as amended by section 69 of Act 23 of 2015**

**30.** The Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for section 236 of the following section:

"**Criminal offences relating to secrecy provisions**

**236.** A person who contravenes the provisions of section 67(2), (3) or (4), 68(2), 69(1) or **[(6)]** (7) or 70(5) is guilty of an offence and, upon conviction, is subject to a fine or to imprisonment for a period not exceeding two years.".

**Amendment of section 246 of Act 28 of 2011, as amended by section 86 of Act 21 of 2012, section 84 of Act 39 of 2013, section 45 of Act 33 of 2019 and section 30 of Act 18 of 2023**

**31.** Section 246 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The individual representative under subsection (1) must be—

*(a)* **[approved by SARS and—**

**(i) must be]** a person who is a senior official of the company**[;]** or,

**[(ii)]** if no senior official resides in the Republic, **[may be]** another suitable person approved by SARS;

**Wysiging van artikel 125 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 26 van Wet 13 van 2017**

**27.** (1) Artikel 125 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur die volgende artikel na subartikel (1) by te voeg:

"(2) Die 'appellant' of die 'appellant' se verteenwoordiger kan, ter ondersteuning van die appèl, tydens die verhoor van die appèl verskyn: Met dien verstande dat indien die 'appellant' se verteenwoordiger 'n persoon is wat nie 'n regspraktisyn is nie, die president van die belastinghof oortuig is dat die persoon 'n geskikte en gepaste persoon is om namens die 'appellant' te verskyn.".

(2) Subartikel (1) tree in werking op 'n datum soos deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.

**Wysiging van artikel 130 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 61 van Wet 21 van 2012 en artikel 53 van Wet 39 van 2013**

**28.** (1) Artikel 130 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die kostes deur die belastinghof ingevolge hierdie artikel toegeken, moet bepaal word ooreenkomstig die fooie deur die 'reëls' of die reëls van die Hoë Hof, na gelang van die geval, voorgeskryf.".

(2) Subartikel (1) tree in werking op 'n datum deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.

**Wysiging van artikel 195 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 55 van Wet 44 van 2014**

**29.** Artikel 195 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) 'n Senior SAID-amptenaar kan besluit om 'n bedrag belastingskuld tydelik 'af te skryf'**[—**

***(a)*]** indien oortuig dat die invordering van die belastingskuld op daardie tydstip onekonomies is om voort te sit soos in artikel 196 beskryf**[; of**

***(b)*** **vir die duur van die tydperk waartydens die ‚skuldenaar' onderworpe is aan ondernemingreddingsverrigtinge kragtens Hoofstuk 6 van die 'Maatskappywet', soos in artikel 132 van daardie Wet bedoel]**.".

**Wysiging van artikel 236 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 69 van Wet 23 van 2015**

**30.** Die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur artikel 236 deur die volgende artikel te vervang:

"**Strafregtelike misdrywe betreffende geheimhoudingsbepalings**

**236.** 'n Persoon wat die bepalings van artikel 67(2), (3) of (4), 68(2), 69(1) of **[(6)]** (7) of 70(5) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar.".

**Wysiging van artikel 246 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 86 van Wet 21 van 2012, artikel 84 van Wet 39 van 2013, artikel 45 van Wet 33 van 2019 en artikel 30 van Wet 18 van 2023**

**31.** Artikel 246 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die individuele verteenwoordiger kragtens subartikel (1) moet—

*(a)* **[deur SAID goedgekeur wees en—**

**(i)]** 'n persoon wees wat 'n senior amptenaar van die maatskappy is**[;]** of,

**[(ii)]** indien geen senior amptenaar in die Republiek woonagtig is nie, **[kan dit]** 'n ander toepaslike persoon **[wees]** deur SAID goedgekeur;

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

*(b)* appointed by the company or by an agent or legal practitioner who has authority to appoint such a representative for the purposes of a tax Act; and

*(c)* called the public officer of the company**[; and**

***(d)*** **appointed within one month after the company begins to carry on business or acquires an office in the Republic]**.'';

*(b)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

''(3) If a public officer is not appointed as required under this section, the public officer is regarded to be—

*(a)* **[the director, company secretary or other officer of the company that SARS designates for that purpose]** the first person who is eligible to represent the company as public officer, in the following order of priority:

(i) Managing director or equivalent;

(ii) financial director or equivalent;

(iii) company secretary;

(iv) director or prescribed officer who has the largest shareholding in the company;

(v) director or prescribed officer who has held office for the longest period of time; and

(vi) a senior employee of the company in order of the company's reporting hierarchy; or

*(b)* any suitable person that SARS designates for that purpose.''; and

*(c)* by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

(7) **[If SARS is of the opinion that a person is no longer suitable to represent the company as public officer SARS may withdraw its approval under subsection (2)*(a)*]** The company is regarded as not having appointed a public officer if the person appointed as public officer is—

*(a)* not eligible, in terms of subsection (2) or (8), to represent the company as public officer; or

*(b)* notified by SARS that he or she is not considered suitable to represent the company as public officer,

and must, within 21 business days of the date on which paragraph *(a)* or *(b)* becomes applicable, notify SARS, in writing, of the newly appointed public officer.''.

**Amendment of section 247 of Act 28 of 2011**

**32.** Section 247 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) **[A company referred to in section 246(1) must, within the period referred to in section 246(2)(*d*), appoint a place within the Republic approved by SARS at which]** SARS may serve, deliver or send the company a notice or other document provided for under a tax Act to an address provided by the company, as referred to in section 23.''; and

*(b)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

''(2) Every notice, process, or proceeding which under a tax Act may be given to, served upon or taken against a company referred to in section 246(1), may be given to, served upon, or taken against its public officer**[, or if at any time there is no public officer, any officer or person acting or appearing to act in the management of the business or affairs of the company or as agent for the company]**.''.

*(b)* deur die maatskappy aangestel word of deur ’n agent of regspraktisyn **[wie]** wat magtiging het om so ’n verteenwoordiger vir die doeleindes van ’n Belastingwet aan te stel; en

*(c)* die openbare amptenaar van die maatskappy genoem word**[; en**

***(d)*** **aangestel word binne een maand nadat die maatskappy in die Republiek begin besigheid bedryf of ’n kantoor in die Republiek verkry]**.’’;

*(b)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) Indien ’n openbare amptenaar nie aangestel word soos kragtens hierdie artikel vereis word nie, **[is]** word die openbare amptenaar geag—

*(a)* **[die, direkteur, maatskappysekretaris of ander amptenaar van die maatskappy wat SAID vir daardie doel aanwys]** die eerste persoon te wees wat bevoeg is om die maatskappy as openbare amptenaar te verteenwoordig, in die volgende orde van prioriteit:

(i) Besturende direkteur of gelyke;

(ii) finansiële direkteur of gelyke;

(iii) maatskappysekretaris;

(iv) direkteur of voorgeskrewe beampte wat die grootste aandeelhouding in die maatskappy het;

(v) direkteur of voorgeskrewe beampte wat die amp vir die langste tydperk beklee het; en

(vi) ’n senior werknemer van die maatskappy in die orde van die maatskappy se rapporteringshiërargie; of

*(b)* enige geskikte persoon te wees wat SAID vir hierdie doel aanwys.’’; en

*(c)* deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

“(7) **[Indien SAID van mening is dat ’n persoon nie langer geskik is om die maatskappy as openbare amptenaar te verteenwoordig nie kan SAID die goedkeuring kragtens subartikel (2)*(a)* terugtrek]** Die maatskappy word geag nie ’n openbare amptenaar aan te gestel het nie indien die persoon aangestel as openbare amptenaar—

*(a)* nie geskik is, ingevolge subartikel (2) of (8), om die maatskappy as openbare amptenaar te verteenwoordig nie; of

*(b)* deur SAID in kennis gestel is, dat hy of sy nie geskik geag word om die maatskappy as openbare amptenaar te verteenwoordig nie,

en moet, binne 21 besigheidsdae na die datum waarop paragraaf *(a)* of *(b)* van toepassing word, SAID skriftelik in kennis stel van die nuut aangestelde openbare amptenaar.’’.

**Wysiging van artikel 247 van Wet 28 van 2011**

**32.** Artikel 247 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) **[’n Maatskappy bedoel in artikel 246(1) moet binne die tydperk bedoel in artikel 246(2)*(d)* ’n plek in die Republiek aanwys deur SAID goedgekeur waar]** SAID kan aan ’n maatskappy ’n kennisgewing of ander dokument waarvoor kragtens ’n Belastingwet voorsiening gemaak word aan die maatskappy **[kan]** bestel, aflewer of stuur, by ’n adres deur die maatskappy voorsien, soos in artikel 23 bedoel.’’; en

*(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) Elke kennisgewing, proses of geding wat kragtens ’n Belastingwet gegee of bedien kan word aan of geneem kan word teen ’n maatskappy bedoel in artikel 246(1), kan gegee of bedien word aan of geneem word teen sy openbare amptenaar**[, of indien daar op enige tydstip geen openbare amptenaar is nie, enige amptenaar of persoon wat die bestuur van die besigheid of sake van die maatskappy waarneem of blyk waar te neem of wat as agent vir die maatskappy optree of blyk op te tree]**.’’.

**Amendment of section 30 of Act 16 of 2022**

**33.** Section 30 of the Tax Administration Laws Amendment Act, 2022, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 September 2022, and applies to any return, for purposes of paragraph 14(2) of the Fourth Schedule to the Income Tax Act, submitted on or after that date.".

**Short title and commencement**

**34.** (1) This Act is called the Tax Administration Laws Amendment Act, 2024.

(2) Save in so far as is otherwise provided for in this Act, or the context otherwise indicates, the amendments effected by this Act come into operation on the date of promulgation of this Act.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

**Wysiging van artikel 30 van Wet 16 van 2022**

**33.** Artikel 30 van die Wysigingswet op Belastingadministrasiewette, 2022, word hierby gewysig deur subartikel (2) in die Engelse teks deur die volgende subartikel te vervang:

> ‘‘(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 September 2022, and applies to any return, for purposes of paragraph 14(2) of the Fourth Schedule to the Income Tax Act, submitted on or after that date.’’.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**34.** (1) Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Belastingadministrasiewette, 2024.

(2) Tensy hierdie Wet anders bepaal of dit uit die samehang anders blyk, tree die wysigings wat deur hierdie Wet aangebring word op die datum van promulgasie van hierdie Wet in werking.

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**